2005 Tydskrif vir Regswetenskap 30(1): 153-161

Kronieke / Chronicles

# *S v Wasserman*[1] — Is dobbelverslawing ’n wesenlike en dwingende omstandigheid in terme van die *Strafwysigingswet* wat ’n geringer vonnis regverdig?

## 1. Die feite van die saak

Hierdie aangeleentheid het voor die hof gedien as ’n appèl tot die oplê van die minimum vonnis van vyftien jaar direkte gevangenissetting aan ’n patologiese dobbelaar[2] wat skuldig bevind is aan 64 aanklagte van diefstal van meer as R1,1 miljoen, waarvan ongeveer die helfte aan die slagoffers terugbetaal is.

Die hof *a quo* het al die aanklagte teen haar gesamentlik opgeweeg ten tyde van die oplegging van die vonnis in terme van artikel 51(2)(a)(1) van die *Strafregwysigingswet*,[3] wat bepaal dat waar ’n eerste oortreder skuldig bevind is aan diefstal van meer as R500 000, ’n minimum van 15 jaar gevangenissetting opgelê moet word, tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede is wat ’n geringer vonnis regverdig. Hierdie hof het bevind dat Wasserman se dobbelprobleem nie dwingend en wesenlik van aard is soos bedoel in artikel 51(3)(a) van die Wet en derhalwe die minimum vonnis opgelê.

Die vraag voor die hof van appél was of die opgelegde 15 jaar gevangenissetting geregverdig was onder die omstandighede. Wasserman is immers 10 jaar gelede reeds gediagnoseer as ’n patologiese dobbelaar. Om die vraag oor die regverdigheid van die vonnis te beantwoord het die hof eerstens ondersoek of patologiese dobbelary ’n erkende siekte is; tweedens, of patologiese dobbelary kan kwalifiseer as ’n versagtende omstandigheid; en laastens, of hierdie siekte kwalifiseer as ’n wesenlike en dwingende omstandigheid soos vereis in die genoemde wetgewing. Die laaste aspek wat die hof in sy uitspraak bespreek het, is die individualisering van die vonnis in die lig van die omstandighede van die oortreder, die misdaad en die belange van die gemeenskap.

Die hof van appél kom tot die konklusie dat die hof *a quo* ’n onbuigbare en meganiese benadering gevolg het deur die summiere toepassing van die voorgeskrewe minimum gevangenisstraf. Die vonnis word verander na vyf jaar gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is vir drie jaar. Gedurende die

1 2004 (1) SACR 251 (T).
2 “pathological gambler”.
3 Wet 105 van 1997.

*M Carnelley, Professor, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van KwaZulu-Natal, Privaatsak X01, Scottsville, 3209.*

tydperk van opskorting is Wasserman onder huisarres geplaas en word sy verbied om enige casino of dobbel plek binne te gaan of te besoek. Sy word ook beveel om gedurende hierdie tyd berading te ondergaan vir haar dobbelverslawing.[4]

Met die beantwoording van die vraag of patologiese dobbelary 'n erkende siekte ("disease") is, verwys die hof na die mening van H Schaffer van die Harvard Mediese Skool[5] dat dobbelverslawing die sentrale senuweestelsel affekteer soos sekere ander afhanklikheidsvormende middels, aangesien dit die biochemie in die brein aantas wat derhalwe die ervaring van die persoon verander.[6] Die hof verwys verder na die feit dat dobbelverslawing 'n afhanklikheidsongesteldheid is wat progressief erger raak en dat die American Psychiatric Association (APA) dit reeds in 1980 as 'n "disorder of impulse control" geidentifiseer het.[7] Die hof aanvaar die ongesteldheid derhalwe as 'n erkende siekte en dat 'n verskeidenheid medikasie en terapie reeds geïdentifiseer is deur die Mediese Skool van die Universiteit van Minnesota om die simptome daarvan te behandel.[8]

Die volgende vraag, naamlik of die siekte 'n versagtende omstandigheid daarstel, verwys die hof bloot na ander jurisdiksies wat dit wel so aanvaar, spesifiek Kanada en Australië.[9] By implikasie wil dit voorkom asof die hof aanvaar dat die siekte wel 'n versagtende omstandigheid in Suid-Afrika behoort te wees wat vonnisoplegging beïnvloed.

Die hof bevind verder dat die siekte, onder die omstandighede, wel kwalifiseer as 'n wesenlike en dwingende omstandigheid wat 'n mindere vonnis noop.[10] In navolging van *S v Homareda*,[11] bevind die hof dat die siekte nie onbeduidend is nie, maar 'n dwingende omstandigheid, aangesien dit die gevoel voortbring van noodsaak. Die houding van die hof a quo word verwerp in die lig van die omstandighede[12] en daar word bevind dat die oorspronklike vonnis skokkend onvanpas is.[13]

In die bespreking rakende die individualisering van die vonnis word klem gelê op die feit dat die hof ook ander aspekte in ag behoort te neem as net die voorgeskrewe minimum vonnis soos byvoorbeeld die moontlikheid van rehabilitasie. Eerstens, fokus die hof op die oortreder se persoonlike omstandighede en die feit dat sy 'n gegradueerde is met baie potensiaal en wat 'n goeie ondersteuningssisteem het; tweedens, fokus die hof op die misdryf self. Met verwysing hierna bevind die hof dat die misdryf tot 'n sekere mate deur haar patologiese dobbelverslawing gegenereer is.

---

4 259i-260c.
5 Victorian Casino and Gambling Authority 1995:9 soos aangehaal in *S v Wasserman* 254b fn 4.
6 253g-254b.
7 254b-c.
8 254c-d.
9 254e-256d.
10 257i.
11 1999 (2) SACR 319 (W).
12 258e-h.
13 257i.

> It must surely lessen the offender's moral culpability when compared with other offenders who commit offences of dishonesty for pure greed.[14]

Hoewel dit geen verskoning vir die pleging van die misdryf is nie, is dit 'n verduideliking wat ten tyde van vonnisoplegging relevant is. Wat die gemeenskapsbelange betref, verwys die hof na die geweldige groei in en toeganklikheid tot dobbelaktiwiteite oor die afgelope paar jaar in Suid-Afrika, en die moontlike negatiewe sosiale en ekonomiese impak daarvan op 'n persoon, aangesien dit van gewone mense misdadigers kan maak.[15]

Die hof bevind dat aangesien Wassenaar 'n patologiese dobbelaar is, sy sal voortgaan om misdade te pleeg totdat sy die siekte onder beheer het. Sy behoort derhalwe fisies verhoed te word om misdade te pleeg ten einde die gemeenskap se vertroue in die strafregstelsel te bevestig. Sy het reeds twee jaar gevangenissetting uitgedien, maar aangesien die gevangenisowerhede nie oor die nodige fasiliteite beskik om haar te behandel nie, is 'n tydperk van korrektiewe toesig nodig ten einde rehabilitasie aan te help deur koppeling aan verpligte terapie ter behandeling van die siekte.[16]

# 2. Bespreking

## 2.1 Patologiese dobbelverslawing

### 2.1.1 Die siekte

Dit wil voorkom asof die hof in bogenoemde saak die siekte té simplisties stel. Daar word nie te kenne gegee dat die uitspraak verkeerd is nie. Inteendeel. 'n Korttermyn gevangenissetting gepaardgaande met korrektiewe toesig waarby inbegrepe is behandeling en die uitsluiting van casinos en ander dobbelplekke is myns insiens gepas en korrek onder die omstandighede. Daar moet egter gewaak word teen die misbruik van die siekte deur oortreders as versagtende faktor.

Die hof het verwys na die progressiewe aard van die siekte en daar behoort klem gelê te word dat misdadige optrede slegs in die laaste fase van die siekte manifesteer.[17] Daar is 'n verskil tussen 'n persoon wat 'n dobbelprobleem het en 'n patologiese dobbelaar. Dit moet ingedagte gehou word dat nie alle patologiese dobbelaars hulle tot kriminele aktiwiteite wend nie en dat selfs al pleeg die dobbelaar 'n misdryf, hy/sy te alle tye bewus is van die kriminaliteit van sy optrede en die bedoeling het om die geld terug te betaal.[18] Die siekte behoort nie as 'n maklike argument gebruik te word waar 'n misdadiger bloot

14 259a-b.
15 259c-e.
16 259f-h.
17 Rosenthal & Lorenz 1992:651. Sien bespreking in Carnelley & Hoctor 2001:380-382 en die gesag daar aangehaal.
18 Meyer & Stadler 1999:42.

toevallig ook van dobbel hou nie. Die relevante deskundige getuienis behoort aan die hof voorgehou te word met elke saak.

In die uitspraak word verwys na die erkenning van die siekte deur die APA in 1980 as a “impulse control disorder”. Hierdie klassifikasie is egter in 1991 verander na ’n klassifikasie as ’n verslawing (“addiction”), soortgelyk aan ’n “psychoactive substance dependancy”.[19] Die siekte word tans beskryf in die gesaghebbende DSM-IV:

> (t)he essential feature of pathological gambling is persistent and recurrent maladaptive gambling behaviour. Features of the maladaptive behaviour include a preoccupation with gambling; the need to gamble with increasing amounts of money to achieve the desired excitement; repeated unsuccessful efforts to control, cut back, or stop gambling; gambling as a way of escaping from problems; gambling to recoup losses; lying to conceal the extent of the involvement in gambling; the commission of illegal acts to finance gambling; the jeopardizing or loss of personal and vocational relationships because of gambling and a reliance on others to pay off debts.[20]

Daar is nie altyd ooreenstemming tussen deskundiges aangaande hierdie siekte nie en die diagnose mag verskil afhangende van welke toets gebruik word om die diagnose te maak,[21] wat weereens die noodsaaklikheid van deskundige getuienis in die hof beklemtoon.

### 2.1.2 Suid-Afrika

Die National Responsible Gaming Programme (NRGP) in samewerking met die South African Advisory Council on Responsible Gambling (SAACREG) en South African Responsible Gambling Trust (SARGT), fokus op behandeling, opleiding en navorsing. Hulle beman ook ’n tolvrye nommer waar persone se dobbelprobleme gratis geevalueer kan word. Ses gratis sessies met ’n gekwalifiseerde terapeut is beskikbaar, waarna die koste deur die patient self gedra moet word, indien nodig.

In 2001 is daar geraam dat daar sowat 120 000 persone is wat as patologiese dobbelaars kwalifiseer, met ongeveer 500 000 probleem dobbelaars wat hulp behoort te kry.[22] Volgens die NRGP het die insidensie van probleem dobbelaars in Suid-Afrika effens gestyg van 3.8% in 2002 tot 4.6% in 2003, hoewel dit nog binne die internasionale norm van 4-6% val.[23] Dit wil voorkom asof daar ongeveer 70 persone elke maand vir behandeling verwys word.[24]

---

19 Walker 1992:171. Sien bespreking in Carnelley & Hoctor 2001:380 en die gesag daar aangehaal.

20 DSM-IV soos gekwoteer in Kaplan & Sadock 1997:722. DSM-IV is die meer onlangse weergawe van DSM-III wat in die uitspraak aangehaal is.

21 Daar is hoofsaaklik drie toetse wat gebruik word: die Harvard DSM IV-gradering; die South Oaks Gambling Screen (SOGS) en die Gambling Anonymous 20 Questions.

22 NRGP 2001:13.

23 NRGP Quarterly Report October-December 2003:6.

24 NRGP Quarterly Report October-December 2003:6 en NRGP Quarterly Report April-June 2004:13.

Volgens NGRP navorsing is dit in 76% van die gevalle die dobbelaar self wat om hulp aanklop. Die profiel van die probleem dobbelaar in Suid-Afrika is 'n getroude persoon (60%), Engelssprekend (73%) wat oor werk beskik (66%). Slegs sowat 2% is pensioenarisse en nog 2% is onder die ouderdom van 20 jaar.[25] Die muntoutomate ("slot machines") skep die grootste afhanklikheidsprobleem (47%), maar slegs 1.06% se probleem lê by die speel van die *National Lottery*.[26]

Probleem dobbelary is een van die eerste stappe wat aanleiding kan gee tot en kulmineer in patologiese dobbelary en dit maak hierdie statistieke kommerwekkend. Daar kan in alle realiteit verwag word dat hierdie aspek meer dikwels in die howe sal voorkom.

## 2.2 Suid-Afrikaanse regsmateriaal

Hoewel daar geen gerapporteerde uitsprake op hierdie punt was voor *Wasserman* nie, het daar reeds in 2001 'n akademiese publikasie verskyn wat hierdie siekte en die insidensie daarvan in die land, bespreek het.[27] In hierdie publikasie is verwys na die saak van *S v Janse van Rensburg*.[28] Latere ongerapporteerde Suid-Afrikaanse uitsprake, spesifiek *S v Munro*[29] en *S v Croukamp*[30] is bespreek in die SAS.[31]

Alhoewel hierdie sake nie in die Hooggeregshof beslis is nie, is 'n patroon met vonnisoplegging te bespeur in hierdie uitsprake. Persone met vorige veroordelings en wat groot bedrae geld steel se langtermyn voorland bly die gevangenis. In *Janse van Rensburg* is 'n diamant-dief (R5.7 miljoen) met 'n relevante vorige veroordeling tot 15 jaar effektiewe gevangenissetting gevonnis. *Croukamp*, ook met 'n vorige veroordeling, is tot 12 jaar gevangenissetting gevonnis vir die diefstal van R1.7 miljoen.

In ander gevalle is korrektiewe toesig 'n beter opsie. Munro is gevonnis tot twee jaar opgeskorte gevangenissetting plus twee jaar korrektiewe toesig vir die diefstal van R50 000 wat terugbetaal is, gekoppel aan verpligte behandeling. *Wasserman* val iewers tussen *Janse van Rensburg* en *Croucamp* aan die een

25 Die statistieke aangaande jeugdiges mag moontlik nie 'n geheelbeeld gee van dobbelafhanklikheid onder hierdie groep nie. Navorsing in the Verenigde Koninkryk en Amerika het getoon dat die insidensie van patologiese dobbelaars groter is onder jeugdiges as onder volwassenes (Schaffer & Hall 1996:193 en Jacobs 2000:119) en dat adolesente as 'n reël nie vir behandeling vra of daarvoor opdaag nie (Chevalier 2004:1). In Suid-Afrika mag die insidensie minder wees weens die toegangsbeheer by casinos sodat persone onder die voorgeskrewe ouderdom nie mag dobbel nie, maar met die ontwikkeling van die muntoutomate ("LPM's") industrie buite casinos in die volgende paar jaar, mag die situasie met jeugdiges vererger.

26 NRGP Jaarverslag 2003:19-21.

27 Carnelley & Hoctor 2001:379.

28 (Pretoria Streekshof) 2001-06-22 saaknommer 14/07270/2000.

29 (Kaapstadse Landdroshof) 2002-11-05 saaknommer 24/710/2002.

30 (Johannesburgse Kommersiële Strafhof) 2003-08-19 saaknommer 41/435/2003.

31 Carnelley SACJ 2004:79. Hierdie publikasie het in druk verskyn na die datum van die uitspraak.

kant en *Munro* aan die ander kant. Die gesteelde bedrag was groot, hoewel ongeveer die helfte hiervan terugbetaal is, maar sy het geen vorige veroordelings gehad nie.

## 2.3 Buitelandse jurisdiksies

Die benadering van ons howe is in lyn met sekere buitelandse jurisdiksies, spesifiek die VSA,[32] Duitsland,[33] Australië[34] en Kanada.[35] In al hierdie jurisdiksies is patologiese dobbelary 'n versagtende omstandigheid wat in aanmerking geneem word tydens vonnisoplegging. Aangesien hierdie aspekte reeds gepubliseer is, word die besonderhede nie hier weer herhaal nie.

## 2.4 Gemeenskapsoorwegings

> There are a number of reasons for the crisis in the South African criminal justice system, but one of them is the relativistic approach to sentencing, which downplays the pivotal role of just desert, and with it the notion of responsibility, always seeking to place the blame for the crime on somebody or something other than the criminal themselves.[36]

Dit word aanvaar dat ten tyde van vonnisoplegging 'n gesonde balans gehou behoort te word tussen die belange van die individu, die misdryf en die belange van die gemeenskap[37] met gevangenissetting as 'n laaste uitweg. Die besluit van die hof sal beïnvloed word deur die strafteorieë wat die hof aanhang.[38] Patologiese dobbelaars is selde geweldsmisdadigers, maar aangesien die siekte progressief erger raak, kan dit verwag word dat hierdie dobbelaars sal aanhou om misdrywe te pleeg ten einde geld te kry om hulle dobbellus te bevredig. Die gemeenskap behoort hierteen beskerm te word. Kan dit nie geargumenteer word dat daar 'n juridiese verpligting is op die patologiese dobbelaar om hulp te soek vir sy probleem nie? Veral aangesien hierdie hulp geredelik en gratis beskikbaar is. Daarby word die misdrywe gewoonlik oor 'n lang tydperk gepleeg en met voorbedagte rade. Om daardie rede mag gevangenissetting, soos in die *Wasserman* saak, toepaslik wees aangesien dit as afskrikmiddel dien vir patologiese dobbelaars en ook die belange van die gemeenskap beskerm. Rehabilitasie van die oortreder is belangrik, maar die vonnis behoort 'n element van vergelding en afskrikking te hê.

---

32 Carnelley & Hoctor 2001:385.

33 Carnelley & Hoctor 2001:385.

34 *S v Wasserman* 256a-d.

35 *S v Wasserman* 255c-h. Sien ook Carnelley *Obiter* 2004:184. Hierdie publikasie het in druk verskyn na die datum van die uitspraak.

36 Snyman 2002:28.

37 Snyman 2002:23.

38 Hierdie teorieë sluit in die vergeldings-, voorkomings-, afskrikkings- of rehabilitasieteorie of 'n kombinasie daarvan. Die howe verwerp nie enige van die teorieë nie, maar hang ook nie 'n spesifieke een aan nie, en gewoonlik pas die howe 'n kombinasie van die teorieë toe (Snyman 2002:23).

Oor die termyn van gevangenissetting is daar nie duidelikheid of eenstemmigheid nie. Is dit voldoende dat 'n dief wat meer as R1 miljoen steel, vir minder as drie jaar tronk toe gaan? Langtermyn gevangenissetting blyk onvanpas te wees aangesien behandeling vir die patologiese dobbelaar en derhalwe rehabilitasie van die siekte nie beskikbaar is binne die gevangenis nie.[39] Die deskundigheid en ervaring is egter geredelik beskikbaar in Suid-Afrika buite die gevangenis.[40]

Met die opweeg van die belange van die gemeenskap, het die hof *in casu* bloot verwys na die uitbreiding en insidensie van dobbelgeleenthede in die land. Die vraag wat opkom is of hierdie argument voldoende is. Dit is 'n relevante aspek met vonnisoplegging, maar die beskerming van die gemeenskap strek tog verder. Wettige dobbelary is 'n realiteit, ten goede of ten kwade, wat nie gou gaan verander nie.[41] Saam met hierdie realiteit kom die probleme geassosieer met dobbel, soos probleem dobbelaars. Die vraag is hoe die hof die situasie gaan hanteer waar die patologiese dobbelaar hom/haar tot misdaad wend? Hier is die balans tussen die individu, die misdryf en die gemeenskap belangrik.

Nog 'n vraag wat gevra behoort te word is of gevangenissetting 'n verwydering sal bring tussen die patologiese dobbelaar en dobbelgeleenthede. Dit is al genoem dat dobbelary binne die manlike gevangenisse in Suid-Afrika (soos in die VSA) algemeen voorkom.[42] Die insidensie daarvan in die manlike gevangenisse is egter nie hier relevant nie. Wat die vroue gevangenisse betref is Mnr MP Dladla, hoof van die vroue gevangenis in Westville, Durban van mening dat die insidensie van dobbel onder vroue in die gevangenis gering is.[43] Indien dit nie die geval is nie, mag dit beteken dat die patologiese dobbelaar voortdurend gekonfronteer sal word met hulle siekte wat rehabilitasie mag bemoeilik.

## 2.5 Uitsluitings

In die gereguleerde en gelisensieërde dobbelbedryf bestaan daar 'n opsie vir die uitsluiting van 'n dobbelaar, op aansoek van homself of deur middel van 'n hofbevel (soos in die geval *in casu*), van toetrede tot 'n gelisensieerde casino.[44] In die lig van die feit dat navorsing toon dat die meeste probleem dobbelaars verslaaf is aan muntoutomate wat tans net in wettige casinos gevind mag word, kan hierdie moontlikheid 'n uitweg vir die probleem dobbelaar bied.

39 *S v Wasserman* 258b-c.

40 National Responsible Gaming Programme: Jaarverslag 2003:10-11.

41 Die wetgewing, soos gelees met die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet* 108 van 1996, maak nie voorsiening vir die totale verbod op dobbel nie. Die gevestigde belange van die staat in die form van fooie en belasting en die dobbeloperateurs wat miljoene rande se kapitaal geinvesteer het, sal enige politieke beweging om dobbel weer in totaliteit te verbied en te kriminaliseer, uiters bemoeilik.

42 Carnelley & Hoctor 2001:387.

43 Persoonlike telefoongesprek tussen skryfster en Mnr MP Dladla op 28 Julie 2004.

44 As voorbeeld hiervan, sien die Oos-Kaapse wetgewing: *Eastern Cape Gambling and Betting Act* 5 of 1997 (artikel 63(4)-(9)).

Hierdie moontlikheid van uitsluiting is egter nie van toepassing op persone wat verslaaf is aan die speel van die *National Lottery* nie,[45] en ook nie op persele waar onwettige en ongelisensieërde casinos bedryf word nie — hetsy in fisiese casinos of op die Internet.[46] Uitsluitings is derhalwe beperk in omvang, maar mag tog in sekere gevalle 'n doel dien, hoewel die gevaar bestaan dat die patologiese dobbelaar, na uitsluiting van die gelisensieërde casinos, hom/haar sal wend tot onwettige en ongereguleerde dobbelhuise.[47]

## 3. Gevolgtrekking

Die saak van *Wassenaar* is die eerste Hooggeregshof uitspraak wat patologiese dobbelary as 'n siekte erken en ook aanvaar dat dit as 'n versagtende omstandigheid behoort te dien in die oplegging van 'n vonnis, aangesien dit wesenlike en dwingende omstandighede is wat 'n geringer vonnis regverdig as die voorgeskrewe minimum vonnisse. Oortreders se belange behoort egter steeds opgeweeg te word teenoor die belange van die gemeenskap en in die lig van die misdrywe.

45 Daar is geen ooreenstemmende artikel in die *Wet op Loterye* 1997 nie.

46 Om te dobbel op die Internet is riskant tensy die dobbelaar seker is dat die operateur integriteit het, aangesien dobbelaktiwiteite pre-geprogrammeer kan word en soms onverifieerbaar is (Griffiths & Parke 2004:1). Aangesien daar geen perke is op dobbel op die Internet nie, kan die probleem dobbelaar sy dobbellus na hartelus (en ten kwade) bevredig. Sien in die algemeen Carnelley *Interactive gambling* 2001:273.

47 Dit is presies wat in Brasilië gebeur het nadat sekere dobbelgeleenthede verban is (Tavares 2004).

## Bibliografie

CARNELLEY M
2001. Interactive gambling. A South African comparative perspective. Part I – Universal legal challenges. *Obiter* 22(2):273-299.

2004. Gambling law update. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregspleging* 17:79-86.

2004. Sentencing of pathological gamblers in Canada. Lessons for South Africa? *Obiter* 25(1):184-189.

CARNELLEY M AND HOCTOR SV
2001. Pathological gambling as a defence in criminal law. *Obiter* 22 (2):379-388.

CHEVALIER S AND GRIFFITH M
2004. Why don't adolescents turn up for gambling treatment (revisited)? *Journal of Gambling Studies* 11. Elektronies beskikbaar by http://www.camh.net/egambling/issue 11/jgj_11_chevalier_griffith.html.

GRIFFITH M AND PARKE J
2004. Gambling on the Internet. Some practical advice. *Journal of Gambling Studies* 11. Elektronies beskikbaar by http://www.camh.net/egambling/issue 11/jgj_11_griffith_parke.html.

JACOBS DF
2000. Juvenile gambling in North America: An analysis of long-term trends and future prospects. *Journal of Gambling Studies* 16(2/3): 119-152. Elektronies beskikbaar by http://www.camh.net/egambling/issue.

MEYER G AND STADLER MA
1999. Criminal behavior associated with pathological gambling. *Journal of Gambling Studies* 15(1):29-43. Elektronies beskikbaar by http://www.camh.net/egambling/issue.

NATIONAL RESPONSIBLE GAMING PROGRAMME
2001. Gaming and problem gambling in South Africa. Elektronies beskikbaar by http://www.responsiblegaming.co.za

2003. Annual Report/Jaarverslag. Elektronies beskikbaar by http://www.responsiblegaming.co.za

October-December 2003. National Quarterly Report. Elektronies beskikbaar by http://www.responsiblegaming.co.za

April-June 2004 National Quarterly Report. Elektronies beskikbaar by http://www.responsiblegaming.co.za

ROSENTHAL RJ AND LORENZ VC
1992. The pathological gambler as criminal offender. Comments on evaluation and treatment. *Psyciatric Clinics of North America* 15(3):647-659.

SCHAFFER HJ AND HALL MN
1996. Estimating the prevalence of adolescent gambling disorders: A questionnaire synthesis and guide toward standard gambling nomenclature. *Journal of Gambling Studies* 12(2):193-214. Elektronies beskikbaar by http://www.camh.net/egambling/issue.

SNYMAN CR
2002. *Criminal law*. 4th edition. Durban: LexisNexis Butterworths.

TAVARES H
2004. The gambling and other impulse control disorders outpatient unit in São Paulo, Brazil: Integrating treatment and research. *Journal of Gambling Studies* 11. Elektronies beskikbaar by http://www.camh.net/egambling/issue 11/jgj_11_tavares.html.

VICTORIAN CASINO AND GAMBLING AUTHORITY
1995. Youthful addiction and gambling perspective. *Report on the Findings of Survey of Community Gambling Patterns* I. Victoria: Victorian Casino and Gambling Authority.

WALKER MB
1992. *The psychology of gambling*. Heineman: Butterworths.